OP EIE KRAG?

Lees Matt. 26:33.
Hier maak Petrus ‘n belofte aan Jesus dat hy Hom nooit in die steek sal laat nie.
Petrus is van net een man seker. Hy kan nie reken op die minder belangrike lede van die kring nie. Thomas, Filippus en Matteus. Hy weet nie so mooi van sy vriend Johannes en Jakobus nie. Hy vertrou selfs nie Andreas, sy broer, wat hom na Jesus gelei het nie, maar daar is één persoon op wie hy kon staatmaak. Dit is hyself. Daaarom sê hy: Al sal almal ook vir Jesus verlaat, ek sal dit nooit doen nie.

Ons hou van mense wat sterk is en hulself laat geld, ons klap hande vir mense wat op hul eie voete staan.
Paulus se egter “Moenie meer van jouself dink as wat jy behoort nie”. Neem ‘n begroting van jou eie krag.

Vir Petrus het die haan gekraai! Wees nederig en pak alles aan in afhanklikheid van jou Here!
WEES AFHANKLIK.

Ds Bennie Powell